Die Woord van God kan nie geboei word nie - 2 Tim. 2:9

'n Beknopte verklaring van die belangrikste sleutels om die Bybel te verstaan en te geniet

Deur David Malan

Daar is vele wanindrukke oor dispensasionalisme. Sommige van hierdie verkeerde indrukke is as gevolg van skewe beelde wat deur teenstaanders geskep is, maar ander kan ook wees deur dispensasioneles self wat dinge nie mooi deurdink het nie en verkeerde uitlatings gemaak het.

Dispensasionalisme is nie Jodeverheerliking of Israelondersteuning nie. Inteendeel, dispensasionalisme leer dat Israel deur ongeloof en wederstrewigheid geval het en tersyde gestel is en dat ons nou in die bedeling van genade leef, waar Israel as volk geen rol hoegenaamd speel nie. Verlossing gaan nou uit na alle nasies sonder enige voorkeur. Israel het geval (die takke is afgekap - Rom. 11) en 'n nuwe eenheid, die liggaam van Christus, is NUUT GESKEP (Ef. 2:15) om die draer van die kruisevangelie na al die nasies te wees.

Let op: die takke wat afgekap is, dui op Israel wat afgekap is. Dus: Die kerk van vandag kan volgens dispensasionele oortuiging nie "Israel" genoem word nie, want "Israel", in watter vorm ookal, bestaan nie nou voor God nie. Toe is daar wilde takke op die boom ingeënt. Nou sê mense die nasies is nou op Israel ingeënt en dit is waarom ons "Israel" genoem word. Nee, verkeerd. Israel is afgekap. Ons is dus nie op Israel ingeënt nie. Ons is op die boom van God se belofte en seën ingeënt. Eers het net Israel op daardie boom gegroei, maar nou is ons in "die tye van die nasies" en Israel is tersyde gestel.

Die hoofklem in dispensasionalisme is dus op "die liggaam van Christus", sy taak en roeping en die boodskap wat hy moet uitdra. Israel is geskiedenis en sal weer in die toekoms, na die wegname van die kerk uit die aarde, sy profeties-bestemde doel in vervulling sien gaan. Maar vandag is Israel nie die volk van God nie. **Die hoofklem in 'n dispensasionele kerk is op die boodskap vir vandag aan al die nasies.**

Om hierdie punt verder te beklemtoon, verwys ek na die boek

"Dispensational theology in America" deur Dale de Witt (Ph.D Andrews University, Michigan). In die eerste hoofstuk praat hy oor o.a. "The concerns of dispensational theology". Volgens hom kan die meeste van hierdie uitstaande kenmerke of "concerns" van dispensasionalisme tuisgebring word onder die verlossingsboodskap en die kerk. Die kerk se boodskap is genade en genade kan alleen geken en verstaan word as die wet geheel daaruit weggeneem is (Rom. 11:6).

Dan praat dispensasionalisme van die kerk: waar kom dit vandaan en waarheen gaan dit? Hoe staan die kerk in verband met Israel? Om die kerk te verstaan, moet mens ook duidelikheid oor Israel hê. Dan noem hy dit ook dat dispensasionalisme gekenmerk word deur 'n normale, reguit of letterlike lees van die Bybel, veral profetiese gedeeltes, maar natuurlik, die hele Bybel. As dispensasionalisme dus 'n toekoms vir Israel oophou, word dit nie gedoen as gevolg van 'n spesiale voorliefde vir hulle nie en beslis ook nie omdat dit sy hoof "concern" is nie, maar net omdat die Bybel, normaal en reguit gelees, duidelik so 'n toekoms vir Israel oophou.

'n Baie belangrike onderskeid wat in dispensasionalisme gemaak word, is die onderskeid tussen kerk en koninkryk. Volgens die meeste groot kerke val kerk en koninkryk vir alle praktiese doeleindes saam. Hulle verstaan "koninkryk" dus alleen geestelik. Goed, die Bybel praat gewis ook van 'n geestelike koninkryk en natuurlik is die ware kerk (verlostes in Christus) deel van God se groot geestelike ryk.

Maar praat die Bybel net van 'n geestelike koninkryk? In dispensasionalisme dink ons nie so nie. Die Ou Testament voorspel baie duidelik 'n fisiese Messiaanse koninkryk op aarde (hierdie voorspellings sal mens net raaksien as jy die Bybel op die normale (grammaties-historiese) wyse lees. En hierdie (fisiese) koninkryk wat die Bybel voorspel, is beslis nie die kerk nie. Kom ons illustreer hierdie punt aan die hand van Dan. 2:34-35,44-45.

2:34 U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het.

2:35 Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het.

2:44 Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan--

2:45 net soos u gesien het dat sonder toedoen van mensehande 'n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar.

Van watter koninkryk praat hierdie verse? Is dit die kerk soos wat die meeste groot kerke dink? Nee, dit kan nie wees nie - in elk geval nie as mens die Bybel normaal en letterlik lees nie. Hier is 'n klip wat Nebukadnesar se beeld tref en dit fynmaal. Let op: die beeld staan vir opeenvolgende wêreldlike regerings (antichristelik) wat vernietig gaan word en vervang gaan word met die koninkryk van die Messias. Wel, die kerk het baie beslis nie die antichristelike, wêreldse regerings vernietig nie.

Inteendeel, vandag, na 2000 jaar van kerkgeskiedenis, is antichristelike, wêreldlike regerings nog steeds aan die orde van die dag. Die koninkryk waarvan ons verse in Daniël praat, is dus nie die kerk nie, maar 'n wonderbare, steeds toekomstige ryk van Christus OP AARDE. Let wel: Die klip wat die ander koninkryke gaan verbrysel, sal groot word en die hele aarde vul. Hierdie is dus baie duidelik op aarde en verwys nie na die toekomstige nuwe Jerusalem nie.

Wat meer is, daar bestaan steeds die wil en die begeerte van die ander koninkryke om hierdie een te oorrompel, maar ons vers sê dit sal nie gebeur nie. Wanneer die Messiaanse ryk op aarde ingestel gaan word, gaan dit soos op baie plekke in die Bybel beskryf, 'n morele en regverdige regering wees waarna die aarde nog altyd gehunker het en dit sal nooit weer ontwortel word nie. Hier, vroeg in Daniël, het ons dus 'n weergawe van Openbaring 20 se koninkryk: Die 1000-jarige vrederyk van Christus op aarde.

Volgens dispensasionalisme is die kerk van vandag nie 'n koninkryk nie. (Dit is wel deel van God se geestelike ryk.) Maar die koninkryk wat in so baie verse in die Bybel op aarde verwag word, is nie die kerk nie. Ons as gelowiges leef vandag as vreemdelinge en bywoners in 'n land (die wêreld) wat vir God misken en mishaag. As sulks kan ons posisie hier op aarde alles behalwe as 'n koninkryk beskrywe word.

God se plan om 'n Messiaanse koninkryk van reg en geregtigheid hier op aarde op te rig, was geen geheim vir die Jode in Jesus se dag nie. Hierdie koninkryk was die hart van OT profesie en word in groot detail daar beskryf. Mense met 'n geweldige passie (lees: "haat") om Israel uit die Bybel uit te skryf, soos Luther en Calvyn, het natuurlik die Katolieke sisteem om profesie te verdraai en op die kerk van toepassing te maak, voortgesit. Maar mense wat dit waag om die Bybel normaal en reguit te lees, weet wat die OT oor die Messiaanse ryk sê.

Kom ek gee 'n paar voorbeelde. Besluit self of jy hierdie verse reguit gaan lees soos dit daar staan en of jy dit in navolging van die Katolieke en Gereformeerdes gaan vergeestelik en her-interpreteer om iets anders soos die kerk te beteken.

Aangaande die toekomstige Messiaanse ryk:

1. Dit sal hier op aarde ingestel word.

Ps. 2:8 - Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting.

Jes. 11:9 - Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek.

Jer. 23:5 - Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land.

Jes. 42:4 - Hy sal nie dof brand of geknak word, totdat Hy die reg op aarde gegrond het nie; en die eilande wag op sy leer.

Matt. 5:5 - Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe. (Het die sagmoediges nou al die aarde beërf?)

Matt. 6:10 - laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; (Meen jy dat God se wil nou al op aarde geskied - bv. in Zimbabwe, Iran, Kaapstad en Pretoria? Beslis nie as ons in die profesie oor die Messiaanse ryk lees van die reg en geregtigheid wat die aarde gaan oorspoel nie.)

2. Dit sal 'n teokrasie wees.

Jes. 9:6 - tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig

en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen.

14:9 - En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een.

14:16 - En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier.

3. Die hoofsentrum sal Jerusalem wees.

Jes. 2:3 - En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.

Jes. 24:23 - En die maan sal rooi word van skaamte, en die son sal skaam wees; want die HERE van die leërskare sal regeer op die berg Sion en in Jerusalem, en voor sy oudstes sal daar heerlikheid wees.

Jer. 3:17 - In dié tyd sal hulle Jerusalem noem die troon van die HERE; en al die nasies sal daarheen saamkom vanweë die Naam van die HERE in Jerusalem; en hulle sal nie meer wandel na die verharding van hul bose hart nie.

Luk. 1:32 - Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,

1:33 - en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.

4. Die gesag daarvan sal uitstrek oor die hele aarde.

Ps. 72:11 - Ja, al die konings sal hulle voor hom buig, al die nasies sal hom dien.

Dan. 7:14 - En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.

Sag. 8:22 - So sal dan baie volke en magtige nasies kom om die HERE van die leërskare in Jerusalem te soek en die aangesig van die HERE om genade te smeek.

5. Die hele Israel sal dan gered wees (dus: die oorblyfsel na die verdrukking)

Jer. 31:34 - En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.

Eseg. 37:23 - En hulle sal hul nie meer verontreinig met hulle drekgode en hulle verfoeisels en met al hulle oortredinge nie; en Ek sal hulle verlos uit al hulle woonplekke waarin hulle gesondig het, en sal hulle reinig. So sal hulle dan vir my 'n volk wees, en Ek vir hulle 'n God wees.

Rom. 11:26 - en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddeloosheid van Jakob afwend;

6. Israel se lyding en verdrukking wat in die groot verdrukking 'n hoogtepunt sal bereik, sal dan verby wees.

Jes. 40:2 - Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die HERE dubbel ontvang het vir al haar sondes.

Jes. 61:3 - om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die HERE, tot sy verheerliking.

Jes. 35:10 - die losgekooptes van die HERE sal teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydskap sal hulle verkry, maar kommer en gesug vlug weg.

7. Die oer-oue bedoeling met Israel, deur Abraham, sal dan gerealiseer wees: Israel sal 'n seën vir al die nasies wees.

Jes. 60:3 - Nasies sal trek na jou lig en konings na jou stralende opgang.

Sag. 8:13 - En soos julle 'n vloek gewees het onder die nasies, o huis van Juda en huis van Israel, so sal Ek julle verlos, dat julle 'n seën kan wees. Wees nie bevrees nie, laat julle hande sterk wees.

Sag. 8:23 - So sê die HERE van die leërskare: In dié dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van 'n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat

God met julle is.

Gen. 22:17 - dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; en jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem.

22:18 - En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het.

8. Korrupsie, bedrog, ongeregtigheid, nepotisme en selfsug sal nie meer bestaan nie (Is dit nie iets om na uit te sien nie!)

Jes. 11:4 - maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak.

Jes. 61:11 - Want soos die aarde sy plante voortbring, en soos 'n tuin sy gewasse laat uitspruit, so sal die Here HERE geregtigheid en lof laat uitspruit voor die oog van al die nasies.

Jer. 23:5 - Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land.

9. Oorlog en bloedvergieting sal verby wees.

Jes. 9:6 - tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid.

Jes. 2:4 - En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.

10. Gesondheid en 'n lang lewe.

Jes. 35:5 - Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. 35:6 - Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis.

65:20 - Daarvandaan sal nie meer kom 'n suigling van 'n paar dae of 'n grysaard wat sy dae nie vol uitlewe nie; want 'n seun sal sterwe honderd jaar oud, en wie sondig, sal, honderd jaar oud, deur die vloek getref word. (Hierdie is nie die hiernamaals soos sommige meen nie. Mense sal steeds doodgaan, want dit is op aarde.)

11. Die vloek oor die aarde en plantelewe sal opgehef wees.

Jes. 35:1 - Die woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n narsing;

35:2 - dit sal lustig bloei en juig, ja, met gejuig en gejubel; die heerlikheid van die Libanon is aan hom gegee, die sieraad van Karmel en Saron; hulle dáár sal sien die heerlikheid van die HERE, die sieraad van onse God.

35:6 Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis.

35:7 En die gloeiende grond sal 'n waterplas word, en die dorsland fonteine van water; in die plek van die jakkalse waar hulle gelê en rus het, is gras met riete en biesies.

Waag dit om jou Bybel te lees soos dit daar staan. Moenie toelaat dat vooropgestelde idees, vooroordele (teenoor Israel veral) en ingewortelde tradisies jou beïnvloed nie. Daar was 'n paradys op aade voor die sondeval en soos John Miton in sy epiese gedig reeds gesê het, sal daardie paradys weer herstel word voordat die huidige aarde vernietig sal word.

Die Ou Testament ken net één koms van die Messias

Om hierdie feit te illustreer, kan ons kyk na Jes. 9:5,6: *"Want 'n kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors - tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk ..."*

Hier is dit duidelik dat die geboorte van Jesus en sy daaropvolgende koninkryk op die troon van Dawid as één profesie aangegee word. Dit word hoegenaamd nie gesuggereer dat die twee gebeurtenisse 2 000 jaar van mekaar verwyderd sou wees nie. Jy sal ook nie in enige ander profesie in die Ou Testament die skeiding tussen die eerste en die tweede koms van die Here raaksien nie. Hierdie feit is nou juis die groot sleutel tot die verstaan van die Bybel wat ons vandag bespreek.

Die groot kerke het ook heeltemal tereg in die Ou Testament gesien dat die profesieë van die aardse bediening en die koninkryk van die Messias as één saak aangegee word. Hieruit het hulle afgelei dat die koninkryk reeds met die eerste koms van Christus aangebreek het. Maar dit is nie noodwendig waar nie. Die ander moontlikheid is dat Jesus by sy koms deur Israel verwerp is en weggegaan het en eers weer vir die tweede koms moet terugkom om die res van die profesie in vervulling te laat gaan (Hand. 3:19-21).

Jesus het ná sy eerste koms die aarde weer in liggaam verlaat en hier is nou 'n ander program, waarvan die Ou Testament niks sê nie, aan die orde. Christus moet nou eers weer vir die tweede keer na die aarde terugkom sodat **al** die profesieë van sy koms vervul kan word. Eers dán sal die koninkryk, presies soos dit in die Ou Testament voorspel is, op aarde ingestel word.

Deur die ongehoorsaamheid en ongeloof van Israel is die profesieë van die koms, lyding en koninkryk van die Messias nog nie volledig vervul nie. Sy koms en sy lyding is vervul, maar sy koninkryk is uitgestel.

Die eerste koms van die Messias het reeds plaasgevind, maar Israel het Hom verwerp. Intussen is 'n ander bedeling ingestel wat 'n totale verborgenheid was en nie in die Ou Testament geleer is nie. As hierdie bedeling verby gegaan het, sal God Hom weer oor Israel ontferm (Hand. 15:14-16). Elke belofte aan hulle sal letterlik in vervulling tree wanneer die Messias weer gekom het. Dán sal die volke wat in daardie tyd op die aarde sal leef, die Here in Jerusalem gaan soek.

"In dié tyd sal hulle Jerusalem noem die troon van die Here; en al die nasies sal daarheen saamkom vanweë die Naam van die Here in Jerusalem en hulle sal nie meer wandel na die verharding van hulle bose hart nie" (Jer. 3:17).

Die Nuwe Testament leer twee komste van Christus

'n Groot rede vir verwarring en misverstande van profesie is dat mense nie sien dat die Ou Testament net van één koms van die Messias getuig nie. Die koninkryk sou inderdaad by die eerste koms begin het ... as Israel hulle bekeer het (Matt. 22:4-7, Hand. 3:19-22). Maar nou is hulle verstrooi oor die aarde en wag vir die tyd van herstel ná die afhandeling van die huidige bedeling. **Ons moet dus onderskei tussen die profesieë wat reeds vervul is en die wat nog in vervulling sal tree.**

Baie profesieë het by die eerste koms van die Here Jesus in vervulling gegaan, maar as ons die profesieë lees, kom ons dikwels onder die indruk dat die meeste van dié profesieë slegs **gedeeltelik** vervul is. Dit is deurgaans duidelik dat die koms van die Messias volgens die profesieë geweldige gevolge vir Israel én die nasies sou hê. Iets daarvan het ons nou reeds aangehaal. Met Christus se koms het hierdie gevolge egter nie gemanifesteer nie. Slegs enkelinge uit sekere volke het tot die geloof gekom. Vrede het in die harte van die gereddes gekom, maar vrede op aarde het nog nie gerealiseer nie.

Behalwe Jes. 9:5,6 kan ons ook na die volgende verse kyk: Jes. 11:1-9; Jes. 42:1-16; Jes. 61:1,2; Miga 5:1,2; Sag. 9:9,10. Kyk of jy kan onderskei tussen die profesieë wat reeds vervul is en die wat nog vervul moet word. Moenie onvervulde profesieë sondermeer vergeestelik en in ons tyd inforseer nie. By al die verse word daar eers gepraat van dinge wat by die eerste koms vervul is en dan van dinge wat nog nie gebeur het nie. Maar van die 2000 jaar waarin ons nou is, is daar niks.

Petrus sê die profetiese woord staan vas soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, maar hy sê ook dat die profete net geweet het van die lyding van die Messias en dan van sy heerlikheid daarna. Die lyding van die Messias is nou lank reeds agter die rug, maar die heerlikheid waarvan die profete gepraat het, nl. die koninkryk van reg en geregtigheid, is steeds komende (hoewel die OT nie geweet het daar sal 2000 jaar tussen die twee verloop nie).

Ons leef nou in die tyd tussen die twee komste van Christus. Die Ou Testament getuig nie eers van twee komste nie; daarom weet ons ook dat die huidige bedeling nie in die Ou Testament genoem word nie. Ons kan vandag baie meer van die profesieë verstaan as die profete self. Ons het die volle lig van die nuwe openbaring; ons verstaan die twee komste van Christus en die bedeling tussen die twee waarin ons nou leef.

Die rede waarom een enkele profesie wel vir soveel as 2 000 jaar onderbreek kan wees, word duidelik in die Bybel self gemotiveer, want die profete het "***vooruit getuig van die lyding wat oor Christus sou kom en van die heerlikheid daarna***". Van die tussenbedeling is daar in die Ou Testament niks openbaar nie. Paulus is die enigste Bybelskrywer wat in detail lering van Christus uit die hemel ontvang het oor hierdie bedeling tussen die eerste en die

tweede koms van Christus. Selfs Petrus kon in II Petrus 3 nie duidelik die redes vir die uitbly van die wederkomsbeloftes weergee nie en verwys sy lesers na die geskrifte van Paulus vir die volle hantering van die saak (II Petrus 3:15,16).

In die profetiese verse wat op die vorige bladsy aangehaal is, sien ons telkens een enkele profetiese uitspraak is wat as't ware middeldeur gebreek is. Die eerste deel het in vervulling gegaan, toe verwerp Israel sy Here en die nuwe bedeling van die kerk tree in. Eers daarna, wanneer die tweede koms plaasvind, word die tweede deel van die profesie vervul. Maar soos dit in die OT geskryf is, moes dit eintlik een gebeurtenis gewees het.

Lees nou Dan. 9:26 en 27 en kyk of jy self kan sien dat vers 26 by die gebeurtenisse rondom die eerste koms hoort en vers 27 by die gebeurtenisse rondom die tweede koms. Groot meningsverskille het al oor die vers ontstaan en sal waarskynlik nou weer ontstaan. Mense sê vir ons dat ons nie die reg het om sommer 2000 jaar tussen Dan. 9:26 en 9:27 in te sit nie. En tog: Dit lyk vir my baie duidelik dat dit in ooreenstemming is met die model waarvolgens OT profesie verstaan moet word. Die OT het nog nie geweet daar sou twee komste wees nie. OT profesie is geskryf asof Israel nie die Here sou verwerp nie en dat die dinge mekaar direk sou opvolg.

Maar ons leef vandag in die NT en ons weet duidelik van twee komste en ons weet ook hoe om die eerste en die tweede koms in OT profesie te onderskei alhoewel dit nie eksplisiet daar so geskryf is nie. Hier is Dan. 9:26,27:

9:26 - En ná die twee en sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.

9:27 - En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.

Kom ons beweeg so 'n bietjie weg van profesie en praat oor die kerk van vandag, oftewel, die bedeling van genade. Hierdie is nogal 'n baie interessante onderwerp. Soos ons in die vorige deel gesien het, voorspel die OT profesie 'n koninkryk van reg en geregtigheid hier op aarde. Ek dink daar is oorgenoeg gesê om

aan te toon dat dit inderdaad hier op die aarde gaan wees. Ook wanneer daar so dikwels na die nasies verwys word. Daar gaan tog immers nie nasies in die hemel wees nie, gaan daar? En hoe gaan hierdie koninkryk ingestel word? Die Here het tog gesê dat Hy sy vyande 'n voetbank vir sy voete gaan maak. Dit kan nie in die hemel wees nie. Hy gaan geen vyande in die hemel hê nie, maar in die koninkryk hier op aarde sal Hy sy vyande onderwerp om daardie koninkryk in te stel.

En wat gebeur toe Jesus hier op aarde sy verskyning maak? Ja, die Jode wou daardie koninkryk hê wat in die OT beloof is, maar hulle wou nie die geestelike voorvereistes van so 'n koninkryk aanvaar nie. Hulle wou hul nie bekeer nie. Baie mense dink (verkeerdelik) dat Jesus nie 'n aardse koninkryk kom aanbied het nie, maar net 'n geestelike. Dit is eenvoudig nie waar nie. Lees die verslag maar duidelik reg van die begin by Jesus se geboorte en kyk mooi wat die bedoeling en die verwagting was.

Ja, bekering word sterk beklemtoon, maar dit was die **voorbereiding tot** die koninkryk en nie die koninkryk self nie. Uiteindelik het Israel sy Koning verwerp en die verwagting van die aardse koninkryk soos dit in die OT aan hulle voorgehou is, was (vir eers) daarmee heen. Ek sal te gelegener tyd in meer detail na die begrip "koninkryk" in die evangelies kyk ter wille van die wat hulle hande in verontwaardiging die lug ingooi as ons sê dat "koninkryk" in die Evangelies meestal op die beloofde Messiasryk dui.

So, wat gebeur na Jesus se aardse bediening? Die kerk onder al die nasies kom tot stand nadat Israel tersyde gestel is. Hiervan lees ons niks in die OT nie. Al wat die OT sê, is dat die koninkryk vir Israel (en deur hulle vir al die nasies) na die koms van die Messias ingestel sou word. Maar dit het nie gebeur nie. Israel het Hom verwerp.

Weet julle van een enkele profesie in die OT wat daarop dui dat Israel verwerp gaan word en dat die nasies bedien gaan word en dat daar 'n sisteem gaan geld waar daar totaal sonder onderskeid en sonder enige voorkeur vir Israel, 'n kerk uit al die nasies sal ontstaan? Goed en wel, daar is diegene wat meen om dit uit die OT te lees (as hulle vergeestelik en allegoriseer). Maar vir ons wat die OT reguit lees: Staan dit daar dat Israel tersyde gestel sal word en dat daar 'n kerk sonder onderskeid uit al die nasies sou ontstaan? Nee, ek dink nie so nie.

Dus: die kerk van vandag is nie in die OT aangekondig of voorspel nie. Die hele stelsel van die ou verbond, insluitende

profesie, plaas Israel sentraal terwyl die nasies deur Israel se toedoen bereik sou word. (Dit is nie wat vandag gebeur nie).

Die kerk van die nuwe bedeling is dus iets wat nie voorspel is nie en, by monde van Paulus, is dit 'n **verborgenheid** of 'n **onnaspeurlike waarheid**, iets wat nie in die OT nagespeur kan word nie. Is die kerk van vandag dus 'n reglynige voortsetting van "Israel"? Nee, dit is nie. Israel bestaan vandag nie voor God nie (behalwe dat Hy besig is om hulle weer bymekaar te bring met die oog op die volgende bedeling (dispensasie) wat op hande is). Die kerk en Israel kan nie saam bestaan nie. In die kerk is daar "geen onderskeid" nie, terwyl daar in Israel 'n baie duidelike onderskeid tussen Jood en nie-Jood is. Dit wat nou in Israel gebeur, het niks met die kerk te doen nie. Israel is in elk geval heeltemal teen die beginsels van die kerk.

Vir elke eerlike Bybelstudent wat met sy voete op die aarde staan en na die tekens van die tye kyk, is dit meer as duidelik dat die tyd van die kerk nou vinnig besig is om verby te gaan. God is besig om Israel weer op die been te bring, soos Hy herhaaldelik beloof het. Nou gaan baie weer hulle hande in afgryse die lug in gooi, maar dit is maar net wat die Bybel gesê het gaan gebeur en wat ons nou presies voor ons oê sien afspeel.

Dus: Nee, die kerk is nie Israel nie. Israel was gewees en sal binnekort weer wees, en daarom kan ons nie ook Israel wees nie. Vandaar die naam **dispensasies**. Dit wat die kerk vandag is, is 'n tussenin bedeling (dispensasie). Dit word nie in die OT beskryf nie en is as nuwe waarheid en totaal anderse administrasie vir hierdie tyd aangekondig. Vandaar ook die term **genade**. Hier in ons tyd, sê Rom. 11, het Israel nie gekry wat hulle gedink het nie, maar ten spyte van Israel het die evangelie oorvloedig na al die nasies, sonder onderskeid, uitgegaan.

Op grond waarvan het dit gebeur? Is dit in die OT voorspel? Nee, gladnie. (Goed, die OT sê baie oor die nasies wat ingebring sal word, maar nie dat dit na Israel se val, of ten spyte van Israel sou gebeur nie.) So, op grond waarvan gebeur dit dan? Net op grond van God se ongelooflike groot **genade**. Paulus gebruik die woord 150 keer en begin en eindig al sy briewe met **genade**. Dit is waaroor dit in hierdie bedeling gaan.

Hierdie gaping in tyd, "gap" wat nie in die OT gesien kan word nie, waarin die kerk vandag inpas, word eers in die sendbriewe van die NT geleer. Dit is duidelik die rede waarom dit deur Paulus 'n "verborgenheid" genoem word.

Genade vir jou

Deur David Malan

Genade is die woord wat die Heilige Gees gekies het om die huidige bedeling te beskryf. Kom ons kyk in 'n paar lesse na God se ordening vir ons praktiese lewe, ons geloofslewe en die weg tot saligheid. Dit word alles onder die woord "Genade" tuisgebring.

Aanvaarding deur God

Die wet was heilig en regverdig en goed (Rom. 7:12), maar enige poging om die wet te probeer onderhou om sodoende aanvaarding deur God te verkry, is onheilig, onregverdig en nie goed nie. Aanvaarding deur God was nog nooit 'n prestasiegebaseerde ideaal nie, maar alleen iets wat deur geloof aanvaar word. Jy gebruik 'n spieël om te kyk of jou gesig vuil is, maar die spieël kan jou nie skoon kry nie. Diesefde met die wet.

Die wet is vleeslik, maar "***Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie***" (Joh. 6:63). Wat ons dus nodig het, is vryheid in die Gees. "***Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid***" (2 Kor. 3:17).

Chuck Swindol het in "Grace Awakening" die volgende definisie vir wettisisme aangebied: "Wettisisme is 'n houding of mentaliteit wat op trots gebou is. Dit is 'n obsessie om 'n kunsmatige standaard na te jaag en aldus jouself te verhoog of vir jouself punte in te samel. Wettisisme sê: "Ek doen dit en ek doen nie dat nie en daarom is ek vir God aanvaarbaar."

Die wiskundige vergelyking vir verlossing sou volgens die Bybel so lyk: God se genade + ons geloof in Jesus se versoening aan die kruis en sy opstanding uit die dode = Verlossing.

"Geloof" beteken juis om staat te maak op iets buite jouself en dit as jou enigste hoop te aanvaar. Daarom is dit in terme reeds 'n totale onmoontlikheid om 'n vergelyking te kan hê van geloof + enige soort menslike standaard.

Titus 3:4 - Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het--

3:5 - nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees

3:6 - wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser;

3:7 - sodat ons, geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe.

Amerika is getallegewys by verre die sterkste Christelike land in die wêreld en hulle stuur ook nog altyd ver die meeste sendelinge uit na ander dele van die wêreld. Tog het verskillende opnames reeds bewys dat die gemiddelde Amerikaanse Christen effektief glo dat 'n mens jou saligheid verdien. Op grond van die bevindinge glo ek dat dit waarskynlik op enige ander plek in die wêreld ook so die geval onder Christene sal wees.

Baie mense beskou dit as 'n edele, heroïese en baie logiese konklusie dat mens se aanvaarding deur God deur prestasie (performance) verkry moet word. Hierdie idee is ook eksplisiet of implisiet baie meer algemeen onder Christene aan die orde as wat ons dalk sal besef. Maar maak nie saak hoe oulik en logies dit klink nie, daar is net een groot probleem: Die idee is geheel en al verkeerd ... en dit is ook dodelik gevaarlik.

Hoe bereik jy jou ideaal?

Het baie Christene hulle een voet in die ou verbond en een voet in die nuwe verbond? Hulle glo miskien nie dat hulle deur werke gered moet word nie, maar hulle poog wel om God deur goeie werke te behaag. Die probleem van die mense in Galasiërs is nog steeds met ons. Die Galasiërs het nie noodwendig gedink dat hulle deur werke gered word nie, maar wel dat hulle Christelike lewe deur werke in stand gehou word. Ons leer onsself dat ons geestelik moet presteer om in genade te groei. Is dit waar? Hoe pas Gal. 3:3 hier in? Lees dit in die NIV:

Gal. 3:3 - Are you so foolish? After beginning with the Spirit, are you now trying to attain your goal by human effort?

Of in die 1983 vertaling:

Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin, wil julle nou in eie krag eindig?

Belangrike woorde in die NIV vertaling: **"To attain your goal."** Wat is die doel wat mense wil bereik? Is dit nie om geestelik te groei en 'n goeie Christen te wees nie? En dit wil hulle doen deur "human effort". Dalk is die NIV vertaling 'n goeie definisie vir wettisisme? Mense wil 'n geestelike doel bereik deur menslike inspanning. Hulle begin in die Gees en eindig in die vlees.

Waar kom die krag vandaan as ek die TV aanskakel? - of as ek my kar se sleutel draai? En waar kom die krag vandaan as ek geestelik wil groei? Wie is die verantwoordelike instansie? Vir wie sal ons "dankie" sê? Goed, kom ons maak soos die meeste "vroom" Christene en ons sê vir God dankie, maar eintlik tree ons op asof ... en ons preek ook asof ... die eintlike groot las van verantwoordelikheid by die mens lê. Dit is 'n fout, 'n baie groot fout.

Christelike wettisisme is 'n gevaarlike en dodelike kiem. Dit is dit wat die pragtige opkomende krag en opbloei van die Christendom in die laat 1800's in Engeland en Skotland binne 100 jaar totaal vernietig het. Vandag is daar net klein gemeentetjies en huiskerkies hier en daar oor. Met wettisisme van binne het die kerk nie 'n vyand van buite nodig nie. Christelike wettisisme is 'n volskaalse doodloopstraat wat geestelike lewenskrag verswelg, vreugde en blydskap van die geloof verdring en passie vir God en Jesus Christus versmoor.

Dit dryf ook baie mense na depressie wanneer hulle agterkom dat hulle NIE (volgens Gal. 3:3) hulle geestelike doel deur menslike inspanning kan bereik nie. Mense raak geestelik gefrustreerd en draai uiteindelik weg van Christus en die kerk. Mense is vermoeid en belas, maar hulle glo nie meer die uitnodiging van Jesus in Matt. 11:28-30 nie. Hulle glo nie werklik dat jy jou totaal op Hom moet verlaat en van al jou pogings afstand moet doen nie.

Die een dag word hulle geweldig opgewonde as hulle 'n suiwer preek oor Matt. 11:28-30 hoor, maar die volgende weke kom die "doen" en die "moenie" weer, saam met die dreigemente van "kerklike tug" en dit laat die greintjie geestelike groeikrag in die kiem versmoor en soos mis voor die son verdwyn.

Die man kom na sy predikant vir berading. Voor hy begin praat, sê die predikant: "Vat 'n pen en papier en skryf vir my in 'n paar sinne wat jou grootste gebed op die oomblik is." Die man skryf

toe: "Here, ek wil leef soos Jesus geleef het, maar ek het geld lief soos enige iemand anders. Ek weet ek moet een of ander bediening hê, miskien moes ek al 'n Bybelstudiegroepie by die koshuis gehad het, maar ek kon nog nie aan die gang kom nie. Ek het ook nie so gereeld gebid en Bybel gelees as wat ek moes nie. Ek wil gereeld elke Sondag 'n familie huiskerkie aan die gang kry, maar ook dit wou nie lekker gereeld aan die gang kom nie. Here, ek voel of ek U gefaal het."

Hierdie lyk na 'n opregte Christen-gelowige met wie die meeste van ons of selfs almal van ons opreg kan simpatiseer. Hy het 'n opregte begeerte om God te behaag, het vir homself teikens gestel om na te jaag, maar raak gefrustreerd en voel nou dat hy God teleurgestel het en dat hy self 'n mislukking is. Ons kan maar net weer vra: Is 'n suksesvolle Christelike lewe op "performance" van een of ander aard gebou?

Die aas en die hoek

Die duiwel gooi vir ons die aas uit, vir ons almal wat Christene is: "Jy sal 'n wonderlike en hoogsaanvaarde Christen wees as jy dit doen en dat doen en ook dit doen." En binne-in die aas is die hoek wat baie min raaksien. Die hoek gaan jou vang en aan jouself uitlewer vir jou Christelike vervulling en geluk en gaan dit vir jou onmoontlik maak om in die rus van Matt. 11 in te gaan.

Hierdie is 'n vangnet van menslike prestasie. Ons hoor dit oral: by die skool, op die sportveld, by die werk, maak nie saak waar nie. Prestasie, prestasie, prestasie. Geen wonder dat die Christendom so maklik in die vangnet van die duiwel ingeloop het en nog steeds elke dag doen nie. Die prestasiegedrewe Christen sê: " As ek geestelik myself bewys en prestasies lewer, sal ek God se seën en genade ondervind". Maar die Bybel laat my sê: "Omdat ek reeds volkome in God se genade aanvaar is, sal God my seën. Ek hoef nie geestelik te presteer om dit te verkry nie, maar ek wil, ter wille van die rykdom van sy genade en liefde Hom dien sover as wat ek kan."

Paulus het op 'n paar plekke die lewe onder die wet ("die letter") vergelyk met die lewe in die Gees. Een daarvan is 2 Kor. 3:4-8.

3:4 - So 'n vertroue het ons deur Christus by God.

3:5 - Nie dat ons uit onsself bekwaam is om iets as uit onsself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit God,

3:6 - wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe testament, nie van die letter nie, maar van die gees; want die letter maak dood, maar die gees maak lewend.

3:7 - En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlikheid was, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlikheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan,

3:8 - hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlikheid wees nie?

Onder die ou verbond moes die Israeliete God behaag deur voorskrifte na te kom wat op klip gegraveer was. Maar vir ons tyd geld Hebr. 10:16:

Ek sal my wette gee in hulle hart, en in hulle verstand sal Ek dit inskrywe.

Dit is nie meer 'n eksterne doelwit wat deur prestasie nagejaag word nie, maar 'n splinternuwe innerlike realiteit wat reeds daar is, ten volle gerealiseer is en wat ons sonder die vrees van mislukking, verwerping of selfverwyt met vreugde aanspoor om ons beste vir Hom te gee.

Natuurlik probeer Christene nie meer vandag om al die voorskrifte van voedsel en tempelgebruike in die OT na te kom nie, maar tog is daar hopeloos te veel van ons wat op ons eie manier soos Moses die berg Sinaï geestelik uitgeklim het en toe weer afgekom het met 'n stel geskrewe of ongeskrewe reëls (kodes of beginsels) wat ons nou wil nakom om ons geestelike lewe daardeur te dra. Of hierdie reëls nou van die huis af kom, van die kerk of van jou geestelike gemeenskap, of 'n boek of seminaar wat jy bygewoon het of sommer maar net jou eie interpretasie van die Bybel, maak nie saak nie. Onthou: Hierdie goed kan so baie maklik in wette verander en die wet maak dood.

Baie van die dinge wat "ons vir die Here doen", soos ons stiltetyd, opsê van Bybelversies, gebed, getuienis of om ongereddes met die evangelie te benader, is goed en hoogs aan te beveel. Maar as dit in jou agterkop vir jou 'n rigiede voorskrif geword het waardeur jy God se goedkeuring of seën oor jou lewe in stand moet hou, het jy alreeds uit die genade in die vangnet van wettisisme verval.

Wat is skuldgevoelens?

Predikante doen veral twee dinge in hulle preke. Hulle wys die mense op hulle sondes en gebreke en hulle wys die weg tot vergifnis en herstel aan. Met watter een van die twee het hulle die beste gevaar? In 'n opname by Amerikaanse kolleges het hulle vir jong Christene gevra of hulle skuldgevoelens oor sondes van die verlede ervaar. 60% van hulle het gesê dat hulle soms, dikwels of altyd skuldgevoelens het. Net 10% het gesê dat hulle geen oorblywende skuld met hulle saamdra nie.

So, dit lyk of die kerke meer suksesvol was om mense te oortuig van hulle skuld, as om hulle die weg van bevryding te leer. Almal sing "genade onbeskryflik groot" met toewyding en oortuiging saam, maar min van hulle ervaar dit werklik in die praktyk.

Brennan Manning skryf in sy boek *"The Ragamuffin Gospel"* die volgende:

"The American Church today accepts grace in theory but denies it in practice. We say we believe that the fundamental structure of reality is grace, not works – but our lives refute our faith. By and large the gospel of grace is neither proclaimed, understood, nor lived. Too many Christians are living in the house of fear and not in the house of love."

Skuldgevoelens funksioneer in die geestelike lewe soos pyn in die liggaam. As daar pyn is, is daar iets fout wat reggestel moet word, anders kan die liggaam skade ly. As daar skuldgevoelens is, is daar fout. Daar is êrens 'n wanpersepsie of 'n kortsluiting wat die evangelie nie toelaat om sy werk na behore te doen nie.

Let wel: Baie predikers of beraders sal vir jou sê dat, as jy skuldgevoelens het, daar sonde is wat nie bely is nie en wat nog teen jou gehou word, of daar is "innerlike reiniging" wat moet plaasvind. Hier wil ek kwalifiseer en sê dat dit net in die geval van onwedergebore mense waar is. Vir wedergeborenes moet die oorsaak van skuldgevoelens eerder gesoek word in die struktuur van wettisisme en prestasiegedrewenheid waaraan die persoon onderworpe is en dat hy nog nie die uitnodiging van Matt. 11:28-30 aanvaar het nie.

Wat is skuld? 'n Krasse woord wat in woede uitgespreek is, is sonde, want God is goed en geduldig met mense. Om 'n persoon met pyn in die hart te ignoreer omdat jy te besig is, is sonde, want God het medelye met mense. Om in die huwelik in te breek of uit te breek, is sonde, want God is heilig en het sulke optrede verbied. As ons hierdie of ander dinge gedoen het, is ons skuldig aan die verbreking van God se wet, afgesien daarvan of ons dan skuldig "voel" of nie. Hoe word hierdie skuld dan reggestel? Daar is twee moontlikhede.

Jy kan soos die Fariseërs en die Moslems gaan vir regverdigmaking deur werke. Doen net meer goeie werke as die slegtes wat daar was en dan is die saak reg.

Of so nie gaan jy vir die opsie waar werke totaal uitgesluit is. God se weg, soos in die Bybel voorgeskryf, is regverdigmaking deur geloof alleen. Nie eers gebed, berou, boetedoening en belydenis nie; nee, net geloof in die versoeningswerk van Jesus Christus aan die kruis het krag om ons onmiddellik en vir altyd van enige skuld los te koop.

1 Joh. 2:1 - My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.

2:2 - En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.

Deur dit wat Jesus aan die kruis gedoen het en omdat ons dit in die geloof aanvaar het, kan ons nou saam met Paulus sê:

Rom. 5:1 - Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus;

Net geloof bring vrede by God. Hierdie is natuurlik ongelooflik wonderlike nuus. So ongelooflik wonderlik is dit dat volgens alle opnames die meeste Christene dit nie werklik glo nie! 60% van hulle voel nog steeds skuldig oor dinge in die verlede.

Skuldig of vergewe?

Ons ken almal Rom. 8:1 "***Daar is dan nou geen veroordeling ...***" Ek verstaan die vers so dat dit ook sal beteken: "Daar is dan nou geen Christen wat voor God skuldig staan nie ..."

In die ganse NT is daar net een vers wat, so lyk dit, sê dat 'n Christen skuldig kan wees. Die vers is 1 Kor. 11:27:

Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here.

En dit lyk ook nogal of dit 'n taamlik erstige soort skuld is waarvan hier gepraat word, want hulle was skuldig "aan die liggaam en die bloed van die Here". Maar nou wonder ek net: Aangesien hierdie die enigste vers is waar Christene skuldig kon wees, is dit nie dalk 'n geval dat hierdie eintlik ongelowiges was, onwedergeborenes wat op grond van hulle ongeloof op onwaardige wyse aan die nagmaal deelgeneem het nie? Miskien moet julle my hier reghelp.

Maar hoe dit ookal sy, dit is duidelik dat daar heeltemal geen, of dan net een vers in die NT is wat die moontlikheid van skuld vir 'n Christen voor sy Here oophou. Maar terselfdertyd is daar talle verse wat sê dat kinders van die Here vir tyd en vir ewigheid vergewe is. Kan mens terselfdertyd vergewe en ook skuldig wees? Kom ons kyk na slegs 'n paar verse uit die ryke skat wat van ons vergifnis praat:

Ef. 1:7 - In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade,

1:8 - wat Hy oorvloedig aan ons bewys het in alle wysheid en verstand,

Kol. 1:13 - Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde,

1:14 - in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes.

Kol. 2:13 - En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het,

2:14 - en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael ...

Maar nie alleen is die NT stil (of byna stil) oor Christene wat skuldig sou wees nie, maar ook kan ons met stellige sekerheid sê dat die NT ons wat Chirstene is, nooit vra of opdrag gee om God te vra om ons te vergewe nie. Eintlik is dit heel logies. Hoe vra jy God om jou te vergewe as Hy dit reeds gedoen het? (Byna alle verwysings in die NT na God wat ons vergewe, is in die verlede tyd.) Maar wat dan van 1 Joh. 1:9, sal sommige miskien vra. Kom ons gaan kyk.

As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Sê die vers dat Christene om vergifnis moet gaan vra? Nie in die minste nie! Die woord wat hier gebruik word, is ***bely*** of ***saamstem***. Nee, ons vra nie om vergifnis nie, ons stem saam met God oor ons sonde. Ons stem saam dat ons 'n sondige natuur het, dat ons nog sondes doen en dat dit verkeerd is. MAAR ons stem ook saam met God dat Jesus Christus reeds ten volle vir ons sondes van verlede, hede en toekoms betaal het.

As ek 'n kras woord teenoor iemand sou uiter en ek kry kort daarna 'n hartaanval en sterf nog voor ek die persoon om verskoning gevra het en ook die Here om vergifnis gevra het, gaan ek dan hel toe? Nee, want Christus het eens **en vir altyd** vir ons sondes betaal.

Goed, ek weet, hierdie is eintlik 'n kontroverse saak. Daar is baie Christene en predikers wat reken dat ons, wanneer ons tot die geloof kom, sover as moontlik elke sonde moet opnoem en vergifnis moet vra. Dan moet ons ook daarna voortgaan om elke dag vergifnis te vra vir die sondes van daardie dag, anders word dit ons nie vergewe nie.

Maar dit is nou juis die bedoeling van hierdie bespreking om aan te toon dat 'n geweldige groot gros Christene nog nie die rus van Jesus ingegaan het nie (Matt. 11:28-30). Hulle het nog nie die vreugde van totale oorwinning en aanvaarding deur God ervaar nie. Hulle sit dag vir dag en jaar na jaar in die kuil van val en opstaan, val en opstaan, val en opstaan. 'n Bose kringloop van sonde en boetedoening herhaaldelik oor en oor soos in die ou bedeling. Is dit waaroor NT-Christenskap gaan? Nee, lg. is eerder 'n beskrywing van die Christen onder die wet (watter wet ookal - die huis se wet, sy eie wet, die Tien Gebooie, maak nie saak nie). Geen oorwinning nie - slegs val en opstaan.

Vergewe ons ons skulde

Of is daar dalk iemand wat sê nee, ons moet om vergifnis van ons sondes vra, want daar staan in Matt. 6:12:

en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

Kom ons vergelyk Ef. 4:32 met die vers:

Ef. 4:32 - Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.

1. Wanneer jy die twee noukeurig vergelyk, kom jy agter dat die betekenis taamlik verskil. Die "standaard" wat in Mattheus en Lukas gebruik word, is die wyse waarop ons vergewe. In die

gebed word God gevra om ons te vergewe soos ons andere vergewe. Hierdie kan dus as 'n soort "werk" van vergifnis verstaan word. In die mate wat ons ander mense vergewe, vergewe God ons.

2. Verder moet jy daarop let dat dit 'n redelik algemeen aanvaarde beginsel van Skrifinterpretasie is om die Bybel progressief te lees. Veral as dit by die heilswaarhede kom. Dawid het meer as Moses geweet, Jesaja het meer as Dawid geweet, Mattheus het meer as Jesaja geweet en Paulus het meer as hulle almal geweet. Paulus het self gesê dat die evangelie van die kruis as 'n verborgenheid aan hom bekend gemaak is. Niemand voor hom het dit geken nie. In die "onse Vader" gebed, wat seker die meeste opgesê word van enige deel in die Bybel, is daar niks maar niks van die evangelie van die kruis nie. En ons as Christene verstaan en interpreteer alles in die Bybel nou in die lig van die kruis. As ons dus jou verse vergelyk met Ef. 4:32, sal ons heel natuurlik en ook onmiddellik die kruis in lg. vers raaksien. Die "standaard" is nou nie meer ons nie, dit is Jesus. **Ons kry nou die opdrag om mense te vergeef soos Jesus ons vergeef het.**

Ek sal dus in hierdie geval die Bybel ook progressief lees en eerder Matt. 6 verstaan in die lig van Ef. 4 as andersom. Ek sal dus die betekenis van Ef. 4 op Matt. 6 neerlaat. Vandat die kruis bekend geraak het, is dit en net dit die standaard en nie meer ons nie. Hierdie verse beteken dus nou vir my dat God my in Christus volkome vergeef het (verlede tyd) en dat ek nie om vergifnis moet vra nie. Ek moet eerder daardie vergifnis as model vir my lewe gebruik en daarna strewe dat dit my sal inspireer om ander mense ook so te vergewe.

3. Maar die belangrikste verskil tussen Mattheus en Efesiërs het ons nog nie aangeraak nie. Die woord wat in die Bybel vir vergifnis gebruik word, verander ook met die koms van die volle openbaring van die kruisevangelie. In Mattheus en Lukas is dit nog afeemi wat 'n OT begrip is en eintlik beteken "wegstuur". Mense is, soos wat jy seker weet, nie in die OT volkome vergewe nie. Hulle sondes is deur bloed bedek, maar dit was nog daar. Dis is in die vorm van die sondebok "weggestuur", maar dit was nog daar êrens. Maar Paulus gebruik 'n ander woord, vir my een van die mooiste Griekse woorde in die NT: "**garidzomai**". Dit beteken om iets uit genade te skenk. Dit is ook die woord hier in Ef. 4:32 en sonder enige twyfel is hierdie ons begrip van vergifnis. Vergelyk die woorde vir vergifnis in 'n konkordansie en jy sal duidelik sien hoe afeemi deur die NT afneem en hoe garidzomai toeneem.

Lisensie vir sonde

Vir baie mense, wanneer hulle die woord "**genade**" hoor, reageer hulle (amper op die model van Pavlov) met "lisensie vir sonde". Maar genade was nooit bedoel om 'n lisensie vir sonde te wees nie, nie eers as jy genade oorbeklemtoon nie (as so iets moontlik sou wees). Terloops, is dit moontlik om genade te oorbeklemtoon? As ons werklik verstaan wat genade is?

Die mens was vir 1500 jaar onder die wet, met die uitgesproke doel om aan hom te bewys dat die wet vir hom niks goeds inhou nie. (***Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees, aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde***). Die uiteinde van die lewe onder die wet was nie om een enkeling daardeur te regverdig nie, maar om aan hulle almal te bewys hoe doemwaardig hulle voor God was. Daardie bewys is gelewer en om toe te laat dat mense enigsins verder onder die wet moes lewe, was sinneloos. Daarom staan daar net 'n paar verse verder:

Rom. 3:24 - en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is ...

Genade is dus nie 'n metode om die wet te omseil en steeds sonde te doen nie; dit is God se ewige voorneme om iets wat die wet graag sou wou doen, maar nie kon doen nie omdat hy deur die vlees werk, tog uiteindelik te doen, maar net sonder die vlees, sonder die werke en sonder die wet. Daarom staan daar nog 'n paar verse verder:

Rom. 8:3 - Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees,

8:4 - sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

8:5 - Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge.

8:6 - Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede,

8:7 - omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.

8:8 - En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie;

8:9 - julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.

Daar is 'n weg wat vir die mens reg lyk, maar die uiteinde daarvan is die weë van die dood. Hierdie vers word deur die meeste mense soos volg interpreteer: "Ag wat, dit sal reg wees om nou een of twee drankies saam met die ouens te drink, maar dan word dit vir jou die weg van die dood." Nee, nie eintlik dit nie, maar eerder soos wat Rom. 8:3-9 so mooi hierbo verduidelik. Die weg van die wet lyk vir die mens reg. Dit kan tog nie verkeerd wees nie, want dit kom van God af. Maar hoe reg die wet ookal lyk, as 'n lewensbeginsel en as 'n model om jou lewe volgens in te rig, is dit die weg van die dood. Ons het vandag net een weg en dit is genade. Is dit nog steeds moontlik om genade te oorbeklemtoon? Of moet ons, soos sommige dink, 'n balans tussen wet en genade vind?

Toe God 'n naam gesoek het vir Sy evangelie - Sy goeie nuus wat vir mense juis op daardie tydstip gegee is toe die wet uit die weg geruim is - het Hy dit "**Genade**" genoem:

Gal. 1:6 - Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe ...

en ook:

Hand. 20:24 - Maar ek bekommer my glad nie en ek ag ook my lewe vir myself nie dierbaar nie, sodat ek met blydskap my loopbaan kan volbring en die bediening wat ek van die Here Jesus ontvang het, om kragtig te getuig vir die evangelie van die genade van God.

Hy het so sterk daaroor gevoel dat hy daartoe bygevoeg het:

1:9 - Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees!

Die een enkele woord wat die vleesgeworde Woord van God beskrywe het terwyl Hy die aarde bewandel het, was "**genade**":

Joh. 1:14 - En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon - en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid.

Dit is wat Jesus op aarde **gemotiveer**, **geïnspireer** en **aangevoer** het om doelgerig voort te stap na die kruis - vir jou en vir my.

Genade is nie 'n swakheid nie! Dink daaroor na! Dit is die grootste krag wat die aarde nog geken het! Dit is ook die krag wat Christus uit die dood opgewek het. Vir die laaste 2000 jaar het dit manne en vroue, seuns en dogters by groot momente in hulle lewens aangevuur om groot dinge te dink, aan te durf en deur te voer tot die eer van God alleen. Genade is die bloed wat deur God se are vloei en wat ook my en jou lewensbeginsel totaal moet oorneem en oorspoel.

Is dit moontlik om genade te oorbeklemtoon?

'n Genadegawe of 'n beloning

In sy boek vol getuienisse en ervaringe in die bediening skryf 'n predikant dat hy een dag op besoek was by 'n hospitaal. Die verpleegster aan diens vertel hom toe van 'n dame wat na verwagting binne die volgende paar uur sou sterf en of hy nie dalk ook by haar 'n draai kan maak nie. Die verpleegster stel hom voor aan Loretta, bleek en uitgeteer van die kanker. Haar gesig verraai ook tekens van vrees vir die onafwendbare.

"Loretta," sê James sag vir haar, "kan ek jou asseblief vinnig iets van die hemel vertel wat baie min mense verstaan?" "Asseblief," sê sy, "gaan gerus voort." "Tot 'n paar jaar gelede het ek aan die hemel gedink as 'n **beloning vir goeie mense**, maar my studie van die Woord het my tot 'n ander oortuiging gebring. Nou verstaan ek dat die hemel 'n **genadegawe vir slegte mense** is."

"Dominee, maak jy nou 'n grap?" het Loretta geskok gevra. "Kom ek lees vir jou Rom. 6:23, dan sal jy verstaan," het James geantwoord.

Rom. 6:23 - Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.

"Loretta, wat is 'loon'?" vra James vir haar. "Iets wat ons verdien; iets wat ons sal kry en wat ons bewerkstellig het." "Dit is reg, Loretta en sê nou vir my, wat is 'n genadegawe?" Loretta was vir 'n rukkie stil, toe beur sy orent met die laaste bietjie krag in haar liggaam en sê: "Ek sien dit!" "Ek het dit!"

James het saam met haar gebid, maar selfs dit was nie eers nodig nie. Sy is op daardie oomblik toe haar oë wyd oopgegaan het en uitgeroep het: "Ek het dit!", reeds wedergebore. Haar ewige bestemming het toe vir altyd verander vanaf iets wat 'n mens kan verdien na die vrye genadegawe van God.

In die debat oor "eenmal gered, altyd gered" is die beswaar wat dikwels aangehoor word, dat niks onheiligs in die hemel kan inkom nie en dat mens dus jou saligheid deur sonde en ongeloof kan verloor. Het mense wat so dink al mooi die implikasies van Rom. 6:23 oorweeg? Waarheen is ons op pad? Sien jy die hemel as 'n plek van loon? As dit so was, ja, dan sal ons seker en gewis kan verloor wat ons gedink het ons s'n was. Maar as jy die Bybelse leer van God se vrye genadegawe onder die knie gekry het, soos Loretta enkele ure voor haar dood, dan sal jy nooit weer oor jou eindbestemming twyfel nie.

Aanpassing of transformasie

Daar mag miskien hier en daar Christene wees wat voel dat hulle 'n goeie bydrae as Christen lewer, dat hulle so effe onmisbaar is en dat mense vir hulle dankie moet sê. Maar ek dink nie daar was te veel sulkes in die Bybel nie. Gaan kyk maar weer na al die redes waarom Moses, Aäron, Dawid, Jesaja en Paulus nie in die bediening moes wees nie. Maar God het besluit hulle moes daar wees omdat Hy juis mense nodig het wat self weet dat hulle totaal onwaardig is. As jy God liefhet en honger is na die geregtigheid van Jesus Christus, sal God jou gebruik, maak nie saak wie jy is, wat jy gedoen het of nie gedoen het nie.

Wat motiveer mense in hulle bediening? 'n Kerkleier wat leraars besoek en bedien het, het gesê die nommer een motivering in die bediening is vrees vir mislukking. Bedienaars bedank gewoonlik of gee moed op as daar nie meer nuwe lede by hulle aansluit nie, of as mense uit hulle gemeenskap uitbeweeg. Dit is 'n standaard waaraan jou bediening gemeet word. Jy en jou lede laat hierdie standaard vir julle welgeval. Jy moet dus in meetbare standaarde "presteer" of jy het gefaal en moes liewer nie daar gewees het nie. Jy en jou mense plaas julleself dus vrywillig onder die wet.

1 Joh. 4:16 - En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom.

4:17 - Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld.

4:18 - Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.

4:19 - Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.

Wat is die kultuur in jou gemeente? Gaan dit oor uiterlike "aanpas by standaarde" of gaan dit oor innerlike transformasie en eenheid met Jesus Christus? Baie sal sê die een hoef nie die ander een uit te sluit nie, maar tog sê die Skrif "as dit uit genade is, dan is dit nie meer uit verdienste nie". Miskien sluit die een dus tog die ander uit. Genade sluit prestasie, verdienste en 'n vrees vir mislukking totaal uit.

In Gal. 2:11-12 sien ons hoe Petrus se vrees vir verwerping deur sy Joodse vriende hom oortuig het om homself weer vrywillig onder die wet te plaas. Wettisisme gebruik groepsdruk om mense in 'n stelsel van "aanpas by standaarde" te laat inval. Die fokus word uiterlike aanpassing by standaarde in plaas van innerlike transformasie van jou karakter en verhouding met Christus.

Almal van ons vrees verwerping. Dit is een van die mees pynlike ervarings van ons menslike bestaan. Maar pasop, enige vrees en ook hierdie vrees dryf derduisende in die boesem van konformasie (aanpassing) eerder as innerlike liefde en transformasie. Net soos vrees vir verwerping 'n realiteit is waarmee ons moet reken, het ons almal ook 'n diep ingeboude behoefte aan onvoorwaardelike liefde en aanvaarding met die heel beste bedoelings. Het ons al in ons groepe en gemeentes die vrees-element oorwin en besluit om mekaar in onvoorwaardelike liefde te dra?

Het jou en my gemeente al daarby uitgekom om nie net die kruisevangelie te preek nie, maar om saam met Christus aan die kruis te sterf? Dit beteken om saam met Hom, **met dieselfde motief as Hy**, die motief van onvoorwaardelike liefde en genade, saam aan die kruis te sterf. Dit is wat die doop van Rom. 6:1-4 beteken. Dit gaan nie oor water nie. Water het geen mens nog ooit getransformeer en van hom 'n nuwe mens gemaak nie (laaste deel van Rom. 6:4). Ek en jy en ons gemeentes het hierdie transformasie dringend nodig, maar solank ons oë nog vol water is as ons Rom. 6 lees, gaan ons nie by hierdie dinamiese evangeliese waarheid uitkom nie.

Rom. 6:1 - Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?

6:2 - Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?

6:3 - Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is,

in sy dood gedoop is nie?

6:4 - Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.

Vrees en Genade

Hoe dink jy oor God? Is Hy iemand wat van jou 'n perfekte mens wil maak of is Hy iemand wat van jou 'n perfekte mens gemaak het?

As dit eersgenoemde is, dan vrees jy God (in die verkeerde sin van die woord) en dan is jou mense ook vir jou bang, want jy sal ook van hulle perfekte mense wil maak. Maar as jy God op die tweede model leer ken het, dan het jy Hom onvoorwaardelik lief.

Perfeksioniste is diep ongelukkige mense. Hulle loop meestal met kopsere, frustrasies en vrese. Hulle het dikwels spysverteringsprobleme, hart- en bloedvatprobleme, spierspanning en ly aan een of ander soort verkeerde eetgewoonte. Hulle beland in 'n groef en wil nie nuwe uitdagings aanvaar nie, omdat hulle dan dalk minder perfek sal voorkom. Hulle probeer altyd om hulle emosies te beheer omdat hulle nie "swak", "kwesbaar" of "menslik" wil voorkom nie.

Die meeste van alles is perfeksioniste bang vir hulleself. Hulle is bang vir die waarheid en moet altyd 'n masker oor die gesig hê of 'n deksel oor hulle emosies.

Wat 'n massiewe bevryding as mens die dag leer (sommige leer dit vroeër as ander, maar ons moet dit almal leer) dat ek vry is om myself te aanvaar soos ek is omdat Christus my aanvaar het soos ek is.

As jy iemand is wat stry met die vrees dat jy nie heeltemal opweeg teen die "standaard" wat daar vir jou gestel is nie of as jy perfeksionistiese geneigdhede het, is die volgende woord vir jou bedoel: Soos in die boek *"Pelgrim se reis na die ewigheid"* het jou reis op soek na liefde en aanvaarding by die kruis geëindig. Jesus het gesterf om jou voor God aanvaarbaar te maak en dus is jy nou, net soos jy is, in Christus vir God aanvaarbaar. Geen voorwaardes en toutjies nie. Geen prestasie is nodig nie, hetsy perfek of onvolkome. Jou broeders en susters in die Here pleit by jou en bid saam met jou dat jy sal ophou om te strewe en te stry vir dinge wat jy reeds gekry het. Kom nou, gaan in in die rus van

Jesus Christus. Vir hierdie woord om 'n verskil in jou lewe te maak, is daar wel een vereiste: Jy moet dit glo. Kom ons lees Hebr. 4:1-3:

4:1 - Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie.

4:2 - Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.

4:3 - Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie - alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is.

Lees ook die res van die hoofstuk, dan gaan ons aan en lees verder by Hebr. 10:

10:17 - en aan hulle sondes en hulle ongeregtighede sal Ek nooit meer dink nie.

10:18 - Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is, is daar geen offer meer vir die sonde nie.

10:19 - Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus

10:20 - op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees,

10:21 - en ons 'n groot Priester oor die huis van God het,

10:22 - laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water.

10:23 - Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou ...

Verlos uit genade alleen

In die Armeniaanse teologie is verlossing die produk van samewerking tussen God en mens (ek weet nie of hulle dit so stel in hulle leerboeke nie, maar ek het met verskeie van hulle gepraat wat dit so bevestig). Aan die ander kant glo ek dat die Woord dit duidelik maak dat verlossing God se werk is en syne

alleen (Calvinistiese en dispensasionele Christene bevestig dit gewoonlik). Ons aandeel in die verlossing is om die enigste ding te doen wat mens kan doen sonder om iets te "doen" en dit is om te vertrou op iets wat iemand anders reeds gedoen het.

In die proses moet ons duidelikheid kry oor die feit dat ons vingerafdrukke nêrens op ons verlossing gevind mag word nie. Wat het gebeur dat ons tot die geloof kon kom? Net twee dinge. Christus het vir ons gesterf en ons het dit geglo.

Rom. 5:8 - maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

Hand. 16:30 - En hy het hulle na buite gebring en gesê: Menere, wat moet ek doen om gered te word?

16:31 - Toe sê hulle: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.

Goed, daar mag nog 'n paar ander dinge gebeur het soos dat jy opregte berou oor jou sondes kon hê; jy kon miskien gehuil het in nederigheid en onwaardigheid voor God en in verdwasing voor die grootsheid van sy genade-aanbod. Jy kon op daardie stadium op jou knieë voor die Here in jou binnekamer gewees het of jy kon in die rugbystadion tussen duisende ander mense gesit het en net besluit het, tot hier toe en nie verder nie; nou vertrou ek die Here om my siel te red. Iemand anders het dalk nie gehuil nie, maar hardop gelag uit vreugde oor die nuwe gewaarwording van bevryding in Christus. Iemand anders het dalk al sy sondes daar bely sover hy kon onthou.

Maar hierdie dinge is nie wat ons gered het nie. Daar is net een daad van verlossing en dit is deur Jesus aan die kruis verrig. Die tweede is die enigste ding wat 'n mens kan doen sonder om iets te doen en dit is geloofsvertroue in Jesus Christus sodat sy volkome offer op ons van toepassing kon word.

In die geledere van diegene wat glo dat verlossing samewerking is tussen ons en die Here, is daar nie sekerheid nie. As ons iets te "doen" het, dan kan ons nooit daarop staatmaak dat ons deel reg "gedoen" is nie. Maar aangesien ons afdrukke nêrens in die proses te sien is nie en ons die volledige pakket maar net in die geloof ontvang het, daarom kan ons dit met ons lewens vertrou. As verlossing selfs net gedeeltelik ons werk was, sou Satan dit baie gou ongedaan kon maak. Maar omdat dit total die werk van God is, kan dit nooit weer ongedaan gemaak word nie (Rom. 8:31-39).

Onthou: Die krag van verlossing is van God. Ons het net 'n geloofskeuse daarvoor gemaak:

Rom. 1:16 - Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.

Onthou ook altyd die verskil tussen verlossing en dissipelskap. Verlossing is gratis (Rom. 6:23) maar dissipelskap is duur. Die Joodse rabbi's en Griekse filosowe het mense nie verniet in hulle leerskole opgelei nie en Jesus se skool van dissipelskap was ook duur (Luk. 14:26). Maar hierdie prys het eers gekom nadat jy reeds uit vrye genade gered is.

Mense haal dikwels dissipelskap-verse uit die Bybel aan om te bewys dat mens nie verniet gered word nie en dat jy iets moet doen. Dit is 'n fout. Die Bybel maak 'n duidelike onderskeid tussen verlossing en diens en ons moet ook nooit die twee verwar nie. Verlossing uit vrye genade lei tot dissipelskåp en diens, maar aanbidding en diens kan nooit en sal nooit verlossing tot gevolg hê nie.

'n Brandweerman gooi nie iemand terug in die vlamme omdat hy nie van sy gesig hou nie. As jy gered is, is jy gered. Christus het ons nie gered om dan ons paroloffisier te word wat lê en loer wanneer ons weer moet teruggaan tronk toe nie. Hy het ons gered om vir altyd ons Verlosser te wees.

Hebr. 7:25 - Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.

Genade en die Woord

Christus en sy Woord kan nie van mekaar af losgemaak word nie. Jesus Christus is God se geskenk aan die wêreld (Joh. 3:16) en die geskenk word deur die Woord gedra (Matt. 4:4).

Matt. 4:4 - Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.

God bring die nuwe lewe in een oomblik in jou tot stand. Toe jy die eerste keer jou vertroue in Hom geplaas het, het jy in een oomblik uit die dood in die lewe oorgegaan.

Joh. 5:24 - Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor

en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.

Maar die Christelike lewe self is 'n proses van groei. Ek en jy sal nooit so sterk word in die geloof dat ons nie meer voortdurend gesonde Bybelse lering nodig het nie.

Jou Christelike lewe begin waar jy uit genade en die liefde van Christus gered is, maar jy kan God se liefde en genade nooit ontgroei nie. Hoe meer jy van die Bybel leer, hoe meer groei jy op in die liefde en genade van die Here.

2 Thess. 1:3 - Ons moet God altyd oor julle dank, broeders, soos dit billik is, omdat julle geloof grootliks toeneem en die wederkerige liefde van elkeen van julle almal groter word.

Vir ons wat glo, is Hy kosbaar (1 Petr. 2:7). Vir ons wat wát glo? Natuurlik, vir ons wat glo in die inligting en lering wat ons uit die Woord kry oor die persoon en werk van ons Verlosser, Jesus Christus.

As ons net 'n bietjie lering oor Jesus het, sal Hy 'n bietjie kosbaar in ons lewe wees. In die mate wat ons kennis van Christus toeneem, sal Hy vir ons nog meer kosbaar word. As ons baie kennis en lering van Jesus in ons harte het, sal Hy vir ons uiters, onuitspreeklik kosbaar wees.

Kol. 2:10 - en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag ...

Ja, ons almal wat in Hom glo, het hierdie volheid van sy genade en liefde tot ons beskikking. Maar ek reken die vers praat van meer as dit. Is hierdie volheid van Jesus se liefde en genade al sigbaar in jou lewe teenwoordig en werksaam? Waarom nie? Miskien net omdat jy nog nie al die lering van Jesus uit die Woord ingeneem het sodat die volheid van sy liefde, genade en blydskap werklik in jou kan woon nie!

Vir baie gaan die Christelike lewe oor onderhouding van die wet. Ek is jammer, maar die wet, watter wet ookal, bring nie die volheid van Jesus Christus in ons tuis nie. Vir andere bestaan die Christelike lewe oor ekstatiese ervaringe. Nie vir my nie. Die vers sê "vir ons wat **glo,** is Hy kosbaar". Geloof is gebou op die kennis van die Woord en nooit daarsonder nie. En ons word geroep om in die geloof te "groei". Groei dus in meer en meer kennis wat nie net in die verstand nie, maar in die hart opgeneem is. Laat sy Woord ryklik in jou hart lewe!

Die Volle Wapenrusting

Mondstuk van Forum vir GLO

Hierdie tydskrif staan vir die verdediging en lering van fundamentele Skrifwaarhede soos die Godheid en algenoegsame soendood van Christus, die dispensasionele verskil tussen Israel en die kerk, die opstanding en wegraping van gelowiges en die oproep tot die volle wapenrusting.

Redakteur: Ds. David Malan
david@BybelGlo.com.
082 4641337; 034-3250634
Posbus 9194
NEWCASTLE 2956

Intekentariewe:
8 **uitga**wes R65 (buurlande R75 en **buite**land R90)

Web: www.bybelglo.com

Bank: (Die Wapenrusting) Absa 1048520703 Newcastle

Bank: (GLO) Eerste Nasionaal 62080804828 Kolonade

Video's op Facebook

Ons het begin om 'n reeks kort video's (ongeveer 9 min. elk) op te neem en op Facebook te plaas. Dit kom op die bladsy van "Die volle Wapenrusting". Ons het begin by die koninkryksvoorspellings van die OT om vir mense aan te toon dat Christus werklik hier op aarde gaan kom regeer en dat ons nou nie in 'n vrederyk is nie. Reeds ook gepraat oor die herstel van Israel en die kruis

Wapenrusting vir verspreiding

Bestel 10 kopieë van hierdie uitgawe @ R38 vir verspreiding. Adres: Posbus 9194, Newcastle 2956

Die Wapenrusting op Facebook!

Vir mense wat 'n kuierplek op Facebook op die internet het, wil ons net laat weet dat die Wapenrusting nou ook daar 'n bladsy het. Soek ons by www.facebook.com/wapenrusting. Onderwerpe wat in die Wapenrusting en op die Kopkrappers behandel word, kan hier op die Facebook-bladsy van die Wapenrusting bespreek word.

Ons is 'n groep van 8 skrywers wat nou reeds begin het om te skryf aan daaglikse Bybeloordenkings wat van 1 Mei vanjaar elke dag op die Facebook bladsy van die Wapenrusting geplaas gaan word. Hier wil ons nie net stigtelike gedagtes oordra nie, maar ook vir die mense lering uit die woord gee om te groei en die Bybel beter te verstaan. Ons het reeds op Facebook afgekom op 'n opgeleide predikant wat die dispensasionele leer totaal ondersteun en van wie ons in die toekoms waarskynlik nog baie gaan hoor. Hy is ook in beheer van "Pitkos vir die gees".

Die Volle

Wapenrusting